**<u>Woordsomme – Voorbeelde</u>**

**NB: Getalle kan verander word om die somme moeiliker of makliker te maak. Die volgende stappe help: 1. Pak uit met voorwerpe 2. Teken prentjies 3. Skryf die som. Slegs die + en – teken word gebruik in Graad 1.**

**1. Optelling**

Manie het 4 albasters. Hy wen 2 albasters by. Daarna wen hy nog 1 albaster. Hoeveel albasters het hy altesaam? 4 + 2 + 1 = 7

**2. Herhaalde optelling**

Hoeveel is 4 groepies van 2? (Pak uit met tellers of teken prentjies op papier. Skryf som onderaan.2 + 2 + 2 + 2 = 8)

**3. Aftrekking**

Michael het 9 lekkers. Hy gee 3 lekkers weg. Hoeveel het hy oor? 9 – 3 = 6


Michael het 7 lekkers. Hy eet 2 lekkers op. daarna eet hy nog 1 op. Hoeveel het hy oor? 7 – 2 – 1 = 4

**4. Verdeling**

Mamma deel 12 worsbroodjies gelykop tussen 3 maats. Hoeveel worsbroodjies kry elkeen?

**5. Groepering**

'n Boer het 8 lemoene. Hoeveel sakkies gaan hy hê as daar 2 lemoene in 'n sakkie is?



**4 sakkies**

**6. Verdubbel**

Santie het 3 sjokolades. Arno het net soveel sjokolades. Hoeveel het hulle altesaam?

3 + 3 = 6

**Oefen asseblief die bostaande tipes woordsomme.**